

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 01 Nov 2017
Page: 6

AVE: 18392.64
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# TuksAtletiek bekyk, vier sy geskiedenis

**Wilhelm de Swardt**

Daar kan geld daarop verwed word dat bitter min van die atlete en afrigters van die Tuks-atletiekklub sal weet wie Werner Gerhardt is.

En seker met goeie reg, want Gerhardt was 87 jaar gelede, in 1930 om presies te wees, een van Suid-Afrika se vinnigste atlete. Sy blitsigheid het nie ongesiens verbygegaan nie. Hy is gekies om Suid-Afrika in 1930 op die Rykspele in Hamilton, Kanada, te verteenwoordig.

Gerhardt was lid van die 4x110 treë-aflosspan en die 4x440 treë-aflosspan wat bronsmedaljes verower het. Dit het beteken dat hy die eerste Tuks-atleet was wat op 'n groot internasionale byeenkoms medaljes gewen het. Hy was ook Tuks se eerste Springbok-atleet.

Hoekom is dit nou nuus, is 'n vraag wat met reg gevra kan word. Tuks-atletiekklub is aanstaande jaar 100 jaar oud en Danie Cornelius, TuksAtletiek se bestuurder, wil in 2018 reg laat geskied aan Tuks se glorieryke atletiekgeskiedenis.

> “Dié klub se vroeëre baanbrekers moet ook erkenning kry.

Om dit reg te kry het hy soveel inligting moontlik nodig oor die prestasies van Tuks se atlete oor die afgelope 100 jaar. Die probleem is dat Suid-Afrika se atletiekgeskiedenis nog nooit regtig geboekstaaf is nie en dit is moeilik om te weet watter atlete in die vroeër jare van die klub se bestaan presteer het.

Dit is vir Cornelius belangrik dat dié klub se vroeëre baanbrekers ook erkenning kry. Daarom sal hy dit verwelkom dat enigiemand met inligting oor Tuks-atlete se prestasies vir hom inligting stuur na Danie.Cornelius@up.ac.za.

Tuks se atlete gee die laaste paar jaar behoorlik die toon aan in Suid-Afrikaanse atletiek. Akani Simbine hou die Suid-Afrikaanse rekord in die 100 m (9.89 s) en Carina Horn deel die Suid-Afrikaanse 100 m-vrouerekord (11.06 s) met Evette de Klerk.

Rikenette Steenkamp het maar die tweede Suid-Afrikaanse vroueatleet geword om die 100 m-hekkies in 'n tyd vinniger as 13 sekondes af te nael.

In Suid-Afrikaanse atletiekgeskiedenis kon nog net vyf atlete daarin slaag om die 100 m in 'n tyd vinniger as tien sekondes af te nael. Drie is Tukkies. Thando Roto het vanjaar sy deurbraak gemaak deur die 100 m in 9.95 s af te nael terwyl Henricho Bruintjies se beste tyd 9.97 s is.

Luvo Manyonga het vanjaar die eerste mansatleet van Tuks geword wat 'n wêreldtitel verower het toe hy die verspring in Londen gewen het. Hy hou ook die Suid-Afrikaanse en Afrikarekord in die verspring (8.65 m).

Ilze Wicksell van TuksSport hou die oudste Suid-Afrikaanse rekord in 'n vroue-atletiek. Haar rekord in die 1 000 m staan al vir 34 jaar. En so kan daar aangegaan word.




**Akani Simbine hou die Suid-Afrikaanse rekord in die 100 m (9.89 s).**
Foto: REG CALDECOTT

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.